# OESTERBAAI INWONERSVERENIGING
# OYSTER BAY RESIDENTS' ASSOCIATION

## VOORSITTERSVERSLAG/CHAIRPERSON'S REPORT
## 2024

### Werksaamhede van die Bestuurskomitee
### Activities of the Management Committee

| **VOORWOORD:** | **INTRODUCTION:** |
|---|---|
| Die nuwe verkose lede tot die Bestuurskomitee het tot nuwe energie in die werksaamhede van die Bestuurskomitee gelei. Ons is ook dankbaar vir die ou hardwerkende staatmakers wat voortgaan om hulle energie tot die verbetering van Oesterbaai aan te wend. | The newly elected members brought renewed energy to the Management Committee. We are also thankful to the hardworking stalwarts. They continue with all their endeavour to better Oyster Bay. |
| Soos in vorige jaarverslae vermeld, is hierdie slegs 'n beknopte weergawe van die werksaamhede van die Bestuurskomitee. Die omvang van aktiwiteite is veelvuldig. Dit is nie moontlik om alle insette weer te gee nie. | As in our previous annual reports, this report is a concise account of the activities of the Management Committee. The activities of the Management Committee is numerous.<br>A comprehensive report of all input, is not possible. |
| Dit is tog nodig om te meld dat die werk wat die lede van die Bestuurskomitee doen 'n vrywillige diens is. Die versoeke (soms eise) van sekere inwoners, lei soms tot frustrasie. Dit is ook opmerksaam dat van hierdie versoeke van lede kom, wat nie opbetaalde lede van die OIV is nie. | We deem it necessary to mention that the services rendered by Management is voluntary. The requests (sometimes demands) of some residents cause frustration. We also see that some of these requests come from members not in good standing with OBRA. |
| Alhoewel frustrasie steeds ervaar word om noodsaaklike dienste deur die Munisipaliteit en Provinsie te verkry, kan ons wel rapporteer dat na die aanstelling van 'n nuwe stadsingenieur, daar tog vordering is betreffende watervoorsiening en interne paaie. | Although we at times experience frustration to get essential services performed by the Municipality and Province, the appointment of a new city Engineer resulted in improvement in water supply and internal roads. |

| | |
|---|---|
| Ons glo dat ons pogings wel resultate lewer. Die toets hiervoor sal sekerlik wees om 'n Oesterbaai en Umzamowethu sonder 'n Inwonersvereniging te ervaar. | We do however believe that our endeavour bear results. The test of this would be to experience an Oyster Bay and Umzamowethu without a Residents' Association. |
| | |
| **1. FINANSIES**<br>Verantwoordelike Komiteelid: Martiens Kuneke.<br><br>Ons bedank die Tesourier vir sy nougesette bestuur van ons finansies.<br><br>Die aangehegte finansiële state sal deur Martiens bespreek word. Die Bestuurskomitee probeer alle werk op die mees ekonomiese wyse uit te voer.<br><br>Die Bestuurskomitee is baie dankbaar vir die gesinne wat jaarliks/maandeliks skenkings aan die OIV doen. Sonder dié bydraes sou ons hande afgekap wees.<br><br>Die OIV se voortbestaan bly afhanklik van donasies deur ons lede. | **1. FINANCE**<br>Responsible Committee Member: Martiens Kuneke<br><br>We thank our Treasurer for his devoted management of our finances.<br><br>Martiens will discuss the attached financial statements. The Management Committee endeavors at all times to perform duties as economically possible.<br><br>The Management Committee is truly thankful towards the families making donations to OBRA. Without your generosity, we will not be able to do much.<br><br>The existence of OBRA is more than ever dependant on donations from our members. |
| | |
| **2. OMGEWINGSAKE**<br>Verantwoordelike Komiteelede: Bouwen Schellingerhoudt en Marius Aucamp<br><br>**2.1 Duine**:<br>Bouwen het in diepte navorsing gedoen oor die rehabilitase en beheer van bewegende duine. Bouwen is bereid om sy navorsing met belangstellende lede te deel.<br><br>Die Bestuurslede is dit eens dat die periodieke wegwerk van sand na die hoogwatermerk is nie die antwoord vir die probleem nie. Die opvang van bewegende sand met nette/plantmateriaal en later beplanting blyk die aangewese bestuursmetode te wees.<br><br>Die Munisipaliteit verwyder nou slegs die sand wat by huise aan die Oostekant van Branderstraat opbou en probeer Branderstraat oophou.<br><br>Die Slangriviermond het hierdie jaar oopgebly. | **2. ENVIRONMENTAL AFFAIRS**<br>Responsible Committee Members: Bouwen Schellingerhoudt en Marius Aucamp<br><br>**2.1 Dunes**:<br>Bouwen researched the rehabilitation control of moving dunes in depth. He is willing to share his research with members interested.<br><br>Members of the Management Committee is of the opinion that the periodic moving of sand to the high water mark is not a resolution for the problem. The retaining of the moving sand with shade cloth/vegetation and planting of the right vegetation seems to be the best management method.<br><br>The Municipality now only remove sand buildup at the houses on the Eastern side of Brander Street and attempt to keep Brander Street open.<br><br>The Slang River mouth remained open this |

| | |
|---|---|
| | year. |
| **2.2 Vleiloerievoetslaanpad**<br>Verantwoordelike Bestuurslid: Otto Pepler<br><br>Die voetslaanpad is grootliks vernietig deur die groot brand gedurende Februarie Na ons beroep vir skenkings het persone ruim bygedra. Bouwen het heelwat inheemse bome aangeplant. Dit sal egter jare neem vir die voetslaanpad om weer tot sy ou glorie te herstel. | **2.2 Vleiloerie Hiking Trail**<br>Responsible Committee Member: Otto Pepler<br><br>The hiking trail was to a large extend destroyed during the large fire during February. Members contributed generously in response to our plea for plea for assistance. Bouwen planted a lot of indigenous trees. It will take years though for the hiking trail to recover to its old splendour. |
| | |
| **3. WATERVOORSIENING.**<br>Verantwoordelike Komiteelid: Otto Pepler.<br><br>Watervoorsiening in Oesterbaai is in vergelyking met ander dorpe en stede goed. Die enkele probleme wat ondervind is, kry onmiddellik aandag.<br><br>Die goeie reën het die fonteine weer tot hulle sterkte van vroeër herstel. Dit dra by tot die verkleuring van die water.<br><br>Daar is steeds bekommernis oor outomatiese chloortoediener wat buite werking is. Die chloor word fisies by die reservour toegedien. Die Stadsingenieur het ons tydens die die GOP vergadering verseker dat die water weekliks getoets word. Addisionele toetse word ook deur Omgewingsgesondheid gedoen. Die water is veilig om te drink. | **3. WATER SUPPLY**<br>Responsible Committee Member: Otto Pepler<br><br>In comparison with other towns and cities, the water supply in Oyster Bay is good. The few problems experienced were diligently attended to.<br><br>The good rains resulted in our fountains flowing as strong as in the long past. This result in colouring of the water.<br><br>We are still concerned about the automatic chlorine dispenser which is out of order. Chlorine are physically dispensed at the reservoir. The City Engineer assured us during the recent IDP meeting that the water is tested weekly. Additional tests are performed by Environmental health. The water is safe for human consumption. |
| | |
| **4. GEMEENSKAPSAAL**<br>Verantwoordelike Komiteelid: Adriaan van Wyk.<br><br>Die saal is die afglope jaar weer gereeld benut. Huurinkomste het ongelukkig gedaal, omdat die saal meestal deur die Munisipaliteit en welsynsorganisasies benut word.<br><br>Die vensters is nou uiteindelik almal vervang. Dit het byna drie jaar geneem. Die Munisipaliteit se instandhoudingsprogram bly maar ‘n bron van groot frustrasie. | **4. COMMUNITY HALL**<br>Responsible Committee Member: Adriaan van Wyk<br><br>The hall was again often utilized this year. Rental income unfortunately decreased, because the hall is mostly utilized by the Municipality and welfare organizations.<br><br>The windows has at last all been replaced. This project took nearly three years. The maintenance programme of the Municipality remains a huge source of frustration. |

| | |
|---|---|
| **5. AFVALSTORTINGSTERREIN**<br>Verantwoordelike Komiteelid:  Adriaan van Wyk<br><br>Die bestuur en instandhouding van die afvalstortingsterrein is bevredigend. Baba Martha Rollison, die mees senior munisipale amptenaar in Oesterbaai is betroubaar en neem inisiatief betreffende meer aspekte as wat haar posbeskrywing bepaal.<br><br>Die skermmuurtjies is ongelukkig erg beskadig deur persone wat daarteen vasry asook die vragmotor wat die “skips” aflaai.<br><br>Versoeke word ontvang vir die daarstel van ‘n terrein vir tuinafval. Humansdorp se stortingsterrein is vir die doel ontwerp. St.Francis met baie meer huise moet ook hulle tuinafval na Humansdorp neem. Die munisipaliteit is nie bereid om hieroor te onderhandel nie.<br><br>Ons versoek weereens dat u tydens vertrek u vullissakke nie op die sypaadjie sal laat nie. Dit word oopgeskeur deur honde, ape ens. Neem u sakke asb. na die stortingsterrein en indien dit gesluit is, plaas dit in een van die blou vullisdromme wat deur die Bestuurskomitee op verskeie plekke in die dorp aangebring is. | **5. REFUSE DUMPING SITE**<br>Responsible Committee Member: Adriaan van Wyk<br><br>The management and maintenance of the dumping site is satisfactory. Baba Martha Rollison, the most senior municipal official in Oyster Bay is reliable and take initiative for more aspects than the stipulations of her job description.<br><br>The guard walls on the sides of the ramp is damaged due to drivers knocking it over, also when skips are delivered.<br><br>We receive requests for a dumping area for garden refuse. The Humansdorp refuge site has been designed for this purpose. St. Francis’ residents all have to take their garden refuge to Humansdorp.<br>The Municipality is not prepared to negotiate this matter.<br><br>We again request that refuge bags not being left on pavements when residents leave Oyster Bay. Dogs, monkeys etc. tear it open. Please take your refuge bags to the refuse site. If closed at the time, place your bags in one of the blue refuse drums which the Management Committee placed at various sites. |
| | |
| **6. PAAIE**<br>Verantwoordelike Komiteelid: Otto Pepler en Johan Hennop.<br><br>Slaggate in die teerpaaie is by meer as een geleentheid met teer gevul. Na elke goeie reënbui is daar maar weer slaggate. Die stadsingeneur het ons meegedeel dat Kabeljou- enTunastraat wel op hulle skedule vir herseëling is - ongelukkig geen tydsaanduiding nie.<br><br>Die Provinsiale paaie vanaf Humansdorp en St Fransisbaai het hierdie jaar gereeld aandag gekry. Ons is veral bly dat dreineringspype wat jare reeds benodig word, aangebrings is. Dit het wel  sormwaterskade na swaar reën beduidend verminder. | **6. ROADS**<br>Responsible Committee Member:  Otto Pepler and Johan Hennop<br><br>Potholes in the tar roads was filled on various occasions. After each good downpour, new potholes appear. The City Manager informed us that Kabeljou and Tuna Streets are on their schedule for re-sealing - no time frame.<br><br>The Provincial roads from Humansdorp and St Francis Bay received more frequent attention this year. We are glad that more drainage pipes were installed. This was a need for years. It reduced storm water damage with heavy rain. |
| | |

| | |
|---|---|
| **7. KOMMUNIKASIE EN NUUSBRIEWE**<br>Verantwoordelike Komiteelid: Riekie Pienaar en Willie Oosthuizen.<br><br>Die OIV se WhatsApp groepe is ons hoof kommunikasie medium. Dit blyk suksesvol te wees, as ons die hoeveelheid versoeke vir die byvoeging van nuwe lede/kontakte in ag neem.<br><br>Willie doen baie moeite met die saamstel van 'n spog Nuusbrief. | **7. COMMUNICATION AND NEWS LETTERS**<br>Responsible Committee member: Riekie Pienaar and Willie Oosthuizen.<br><br>OBRA utilizes its WhatsApp groups as our main means of communication. It seems to be successful in view of the number of requests for adding new members/participants.<br><br>Willie employs a lot of effort in the compilation of a beautiful Newsletter. |
| | |
| **8. BRANDWEER**<br>Verantwoordelike Komiteelid: Desmond Wolmarans.<br><br>Ons glo almal is bewus van die brand aan die Oostekant van Oesterbaai. Alhoewel slegs rookskade aan huise aangerig is, was dit 'n skrikwekkende tyd vir inwoners. Ons is steeds dankbaar oor die vrywilligers wat behulpsaam was. Belangrike lesse is geleer.<br><br>Die reuse brand wat op 'n plaas aan die Weste kant van Oesterbaai ontstaan het, het groot dele bos en weiveld vernieting. Die brand is deur stormsterkwind in die rigting van Oesterbaai gedruk. Lodewyk van Rensburg, stasiebevelvoerder van die plaaslike NSRI se toetrede om brandbestryding deur helikopters te verkry, het 'n ramp vir Ooesterbaai afgewend.<br><br>Desmond het 'n omvattende brandrisikobepaling en voorstelle vir beter brandbestrydingvoorkoming en -bestryding aan die hoof van Rampbestuur voorgelê. Ons wag nog vir terugvoer.<br><br>Die Munisipale Bestuurder het ons meegedeel dat die bou van die brandweerdepot as 'n behoefte van die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan, verwyder is.<br><br>Ons ontvang sedert 2022 beloftes van meer brandkrane in die dorp. Daar is heelwat huise wat vêr van brandkrane af is. | **8. FIRE BRIGADE**<br>Responsible Committee member: Desmond Wolmarans<br><br>We believe all are informed about the fire on the Eastern Side of Oyster Bay. Although some homes only suffered smoke damage, it was a terrifying experience for residents. We are grateful for the assistance of all the volunteers who assisted. All learned important lessons.<br><br>A huge fire which originated on a farm on the Western side of Oyster Bay destroyed huge areas of bush and farmland. This fire was pushed by gale force wind in the direction of Oyster Bay. The action of Lodewyk van Rensburg of our local NSRI, to obtain helicopters to fight the fire, averted a disaster for Oyster Bay.<br><br>Desmond compiled a comprehensive fire risk assessment and fire prevention proposal, which he submitted to the Head of Disaster Management. No response was received.<br><br>The Municipal Manager informed us that building of the fire depot has been removed from the the Integrated Development plan as a need.<br><br>The Municipality promise since 2022 that more fire hydrants will be installed in Oyster Bay. Many houses are far from fire hydrants.<br><br>Riekie ensured that fire extinguishers were |

| | |
|---|---|
| Riekie sorg dat die brandblussers (volgens behoefte) gediens word deur die Humansdorp brandweer. | serviced as needed by the Humansdorp Fire Brigade. |
| | |
| **9. UMZAMOWETHU**<br>Verantwoordelike Komiteelid: Adriaan van Wyk<br><br>Die Bestuur het besluit om ons werksaamhede in Umzamowethu af te skaal vanweë min sukses en die veranderende profiel van die inwoners.<br><br>Tog het die hoeveelheid versoeke vir bystand maar soos vorige jare aangehou.<br><br>Bouwen het ‘n omvattende plan aan die Stadsingenieur voorgelê om die dreineringsprobleem in Umzamowerhu aan te spreek. Ons wag. Bouwen het ook ‘n dreineringsloot laat grou wat die probleem gedeeltelik aangespreek het.<br><br>Die HOP huise in Umzamowethu het nuwe aluminnium vensters en deure gekry. Die dakke is ook herstel. Die befondsing hiervoor het van die Kouga Windplase gekom.<br><br>Die swak sosio-ekonomiese situasie, die gepaardgaande drank- en dwelmmisbruik en die toenemende werkloosheid, veral onder jongmense, bly die grootste uitdaging. | **9. UMZAMOWETHU**<br>Responsible Committee Member: Adriaan van Wyk<br><br>Management decided to limit its involvement in Umzamowethu, due to little success and the changing profile of residents.<br><br>The requests for assistance remained the same as in previous years.<br><br>Bouwen submitted a comprehensive plan to the City engineer to address the drainage problem in Umzamowethu. No response as yet. Bouwen also had drainage trench created, which improved the drainage problem.<br><br>The HOP houses in Umzamowethu were fitted with new aluminium windows and doors. Roofs were also repaired. Kouga Wind farms funded this project.<br><br>The bad socio economic situation, the associated alcohol and drug abuse and the huge number of unemployed, especially the young, remains the most serious challenge. |
| | |
| **10. VUURWERKE**<br>Die gebruik van vuurwerke is onwettig.<br>Ons doen 'n ernstige beroep op almal om geen<br>vuurwerke of papierlanterns te gebruik nie. Die brandgevaar is enorm groot. | **10. FIRE WORKS**<br>The use of fireworks are illegitimate. We appeal to<br>all to refrain from the firing of fireworks or use of<br>paper lanterns. The fire hazard is extreme. |
| | |
| **11. LEWENSREDDERS**<br>Die lewensredders word deur die Munisipaliteit voorsien en bestuur. | **11. LIFE GUARDS**<br>The Municipality provide and manage the life guards. |
| | |
| **12. KERSMARK**<br>Verantwoordelike Komiteelid: Riekie Pienaar.<br><br>Die Kersmark vind weer hierdie jaar op 20 | **12. CHRISTMAS MARKET**<br>Responsible Committee member: Riekie Pienaar.<br><br>The X-mas Market will again be held on 20 |

| | |
|---|---|
| Desember plaas. Groot dank aan Riekie en haar span wat al die werk daaraan verbonde gedoen het. | December this year. Many thanks to Riekie and her team for all the hard work to make this possible. |
| | |
| **13. KERSDIENS**<br>Ons gebruiklike Kersdiens word weer op Kersdag om 09:00 in die gemeenskapsaal gehou. Kollekte word aangewend vir welsynsaksies in die gemeenskap en instandhouding van die saal. | **13. CHRISTMAS SERVICE**<br>The customary Service will this year again be held on Christmas at 09:00 in the community hall. Offertory at the service will as always be utilized for maintenance of the hall and welfare actions. |
| | |
| **14. LIDMAATSKAP**<br>Opbetaalde ledetal: 137 (72 huishoudings)<br><br>Lidmaatskap van die OIV is oop vir alle persone (eienaars/inwoners/belangstellendes) Elke lid van ‘n gesin kan afsonderlik registreer. Ledegeld van R50-00/persoon vir 2024 is reeds vanaf 1 November 2023 betaalbaar.<br><br>U word aangemoedig om die gelde direk in ons rekening in te betaal met u naam en Erfnr. as<br>verwysing.<br><br>Bankbesonderhede:<br>ABSA Bank<br>Tak: 632005<br>Rek. Nr. 4052178885<br><br>Bewys van deposito aan:<br>walterkurten4@gmail.com<br><br>Kontantbetalings: Adriaan Palingstraat 214. | **14. MEMBERSHIP**<br>Total members in good standing: 137 (72 households)<br><br>Any person (residents/owners/interested persons) can become a member. Each member of a family can join separately. Membership fees of R50-00 pp. for 2024 is payable from 1 November 2023.<br><br>We encourage all to transfer fees to our account.<br>Your Name and Plot No. as reference.<br><br>Banking details:<br>ABSA Bank<br>Branch: 632005<br>Acc. No. 4052178885<br><br>Proof of Payment to:<br>walterkurten4@gmail.com<br><br>Cash payments at Adriaan, Paling Street 214. |
| **15. VERFRAAIING VAN DIE DORP**<br>Verantwoordelike Besuurslid: Bouwen Schellingerhoudt en Otto Pepler.<br><br>**15.1 Aanplant van bome.**<br>Die Munisipaliteit het ‘n aantal inheemse bome geskenk wat Bouwen op strategiese plekke en by die toegangspad na Oesterrbaai aangeplant het. Ons glo dat hierdie bome in die toekoms bewys sal lewer van die erns van die OIV om die dorp te verfraai.<br><br>**15.2 Verfraaiing van die ingang tot Oesterbaai/Umzamowethu.**<br>Bouwen het ons droom vir die naammuur by | **15. BEAUTIFYING OF THE TOWN**<br>Responsible Management Committee members: Bouwen Schellingerhoudt and Otto Pepler.<br><br>**15.1 Planting of trees.**<br>The Municipality supplied some indigenous trees, which Bouwen planted at strategic places through town and at the entrance road to Oyster Bay. We believe that this trees will demonstrate OBRA’s commitment to beautify Oyster Bay in future.<br><br>**15.2 Beautifying of the entrance to Oyster Bay/Umzamowethu.**<br>Bouwen ensured that our dream for a name |

| | |
|---|---|
| die ingang van die dorp na vele rompslomp bewaarheid. Ons glo dat almal dit opgemerk het met hulle terugkeer en saamstem dat dit waarde tot die dorp toevoeg.<br><br>**15.3 Parkeerplekke by die strand.**<br>Die parkeerplekke wat verlede jaar met klippe gepak is, word deur bestuurslede in stand gehou.<br><br>**15.4 Bankies op die strand.**<br>Die bankies moes vroeër die jaar van die strand verwyder word, omdat besoekers dit ronddra en dit onder die hoogwatermerk laat. Een van die inwoners het 'n bankie net betyds "gered'" toe dit gedurende springety byna in die see in gespoel het.<br><br>Johan Jacobs het versoek dat 'n plaatjie ter nagedagtenis van oorlede Joe Meyer, op een van die bankies aangebring word. Marius het dit bankie baie kunstig geplaas. Die plaatjie sal geplaas word sodra die bewoording ontvang is.<br><br>**15.5 Verkeerseilande**<br>Bouwen het die meeste van die verkeerseilande beplant met inheemse plantegroei - sommige hiervan uit sy eie kwekery hier in Oesterbaai. Die algemene werkers van die Munisipaliteit hou dit in stand. | wall at the entrance to town came true after so much red tape. We trust that all have seen the wall when returning to Oyster Bay and agree that it adds value.<br><br>**15.3 Beach parking**<br>The parking which was demarcated with stones last year are maintained by members of management.<br><br>**15.4 Benches on the beach**<br>The benched had to be removed earlier this year due to visitors moving it around and leave it below the high water mark. A resident rescued one of the benches at spring tide when it was in the process of going into the sea.<br><br>Johan Jacobs requested that a bench be placed with a plaque attached to commemorate late Joe's contribution to the Town. Marius created an arty place for the bench. The plaque will be attached when the preferred wording is received.<br><br>**15.5 Traffic Islands**<br>The traffic islands are being maintained by the Municipal general workers now. They took initiative to cut back bushes obstructing visibility and planted some low growing plants. |
| | |
| **16. SKOONMAAK VAN STRAND**<br>Verantwoordelike bestuurslid: Anita<br><br>Die gemeenskap het hierdie jaar weer uit eie insisiatief strandskoonmaakaksies geloods. Dit is aangenaam om wanneer die munisipaliteit navraag doen na strandskoonmaak behoeftes, ons kan sê, ons doen dit sommer self.<br><br>Dit sal gaaf wees indien vakansiegangers ook met 'n sakkie sal loop. | **16. CLEANING OF THE BEACH**<br>Responsible management committee member: Anita.<br><br>The community again again this year had beach cleaning initiatives at their own initiative. It is great to respond to the Municipality's request for beach cleaning actions by informing them that we do it ourselves.<br><br>It will be nice if holiday makers will also walk with a bag. |
| | |
| **17. BIBLIOTEEK**<br>Verantwoordelike bestuurslid: Anita met die vriendelike hulp van Hylien.<br><br>Ons het hierdie jaar besef dat die gemeenskap wel die Biblioteek na waarde ag, omdat daar | **17. LIBRARY**<br>Responsible Management committee member: Anita with the friendly assistance of Hylien.<br><br>We realized this year that the library addresses a need in the community when it had to be |

| | |
|---|---|
| baie navrae was toe die biblioteek moes sluit toe die vensters vervang is. Swak beplanning van die Munisipaliteit het daartoe gelei dat die Biblioteek vir ‘n paar maande gesluit was. Aangesien die profiel van die lede meer ouer mense insluit, word meer Afrikaanse boeke benodig asseblief. | closed when the windows was replaced. Bad planning by the Municipality result in the Library being closed for a few months.<br><br>The profile of of the members are more older people. More Afrikaans books are therefore needed, please. |
| | |
| **18. *Spay It Forward Projek***<br>Die vrywillge organisasie wat nou met die DBV saamwerk het hierdie jaar 37 honde uit Umzamowethu gesteriliseer.<br><br>Hulle het ook voortgegaan met hulle opvoedingsprogramme oor verantwoordelike troeteldier versorging.<br><br>Honde word ook gedip en ontwurm.<br><br>Die persoon wat die dryfveer agter die inisiatief in Oesterbaai is, wil graag anoniem bly. Sy verkoop gereeld gebruikte boeke vir fondsinsameling. Indien u graag ‘n bydrae hiertoe wil maak, kan u inligting van van Adriaan of Walter bekom.<br><br>Hulle sal ook weer boeke by die Kersmark verkoop om fondse vir die goeie werk in te samel. | **18. *Spay it forward* project.**<br>This voluntary organisation who works in close collaboration with the SPCA, spayed 37 dogs from Umzamowethu this year.<br><br>They continued with their educational programme about responsible pet care.<br><br>Dogs are also dipped and dewormed.<br><br>The person who is the driving force behind this initiative in Oyster Bay wishes to remain anonymous. She often sells used books to generate funds. Should you wish to contribute to this course, information is available from Adriaan or Walter,<br><br>They will also again sell books at the X-mas market to generate funds for this great initiative. |
| | |
| **19. Grondwetwysiging.**<br>Enkele wysigings aan die OIV Grondwet is noodsaaklik om die werksaamhede van Bestuur meer effektief te maak en aan te pas by modernisering. Hierdie voorgestelde wysigings sal op WhatsApp aan lede kommunikeer word en by die AJV bespreek word. | **19. Amendments to the OBRA Constitution**<br>A few amendments to our Constitution is of importance to streamline the activities of Management and to adapt to a more modern approach. The proposed amendments will be communicated to members via WhatsApp and will be discussed at the AGM. |
| | |
| **20. Gemeenskapsontwikkelingsprogram**<br>Verantwoordelike bestuurslid: Willie Oosthuizen.<br><br>Willie is in diens van die Humansdorpse Co-op as Gemeenskapsontwikkelingsbestuurder.<br><br>Hulle het fondse van die Sentrale Regering bekom om werkloses vir periodes in diens te neem en terselfdertyd van opleiding te voorsien. Willie het OIV Bestuur betrek om behoeftes in die Dorp te identifiseer. Hulle het groot waarde toegevoeg deur o.a. | **20 Community development program.**<br><br>Responsible member of management: Willie Oosthuizen.<br><br>Willie is employed by The Humansdorp Co-op as manager of their community development.<br><br>They were allocated funds from Central Government to employ unemployed people from the community and to train them in essential skills. Willie involved OBRA Management to identify needs in Town. They |

| | |
|---|---|
| behulpsaam te wees met die plant van bome, die beplanting van verkeerseilande en die stoele in die saal af te skuur en te olie.<br><br>Bouwen het as koördineerder van die span in Oesterbaai opgetree. | added value through assistance with the planting of trees, planting of traffic islands, sanding the bunks and oiling the wooden furniture in the hall.<br>Bouwen acted as coordinator for the team in Oyster Bay. |
| | |
| **21. Te water lating van klein seevaartuie**<br>Dit het onder die aandag van Bestuur gekom dat Oesterbaai goedgekeur is as ‘n “Launching site” vir ligte seevaartuie. Enkele permitte is reeds goedgekeur.<br><br>‘n Afvaardiging van die Munisipalityd het ‘n werkswinkel in die saal gehou om insette te bekom oor hoe die bestuur en kontrole van die voertuie en vaartuie op die strand moet geskied. Geen verdere terugvoer is bekom nie.<br><br>Die Bestuur het hulle kommer uitgespreek oor die impak wat dit op gebruikers van die stand mag inhou.<br><br>Die konsensus by die vergadering was dat ‘n klub gestig moet word om die situasie te bestuur en beheer.<br><br>Die OIV Bestuurskomitee is ook van mening dat die OIV nie betrokke kan raak by die beheer van die voertuie en vaartuie nie, vanweë die omvang daarvan. Ons vervat hierdie inligting in die verslag slegs vir kennisname. | **21 Launching of small sea vessels**<br>It came to the attention of Management that Oyster Bay is an approved launching site for small sea vessels. A few permits have been issued.<br><br>A delegation of the Municipality held a work shop in the hall to obtain inputs about the management and control of vehicles and vessels on the beach. No further feedback was received.<br><br>Management registered our concern about the impact on beach goers.<br><br>There was consensus at the meeting that a club will have to be formed to manage the situation.<br><br>The OBRA Management Committee is of the opinion that we cannot get involved in the control of vehicles and vessels, due to the extend of such work. This is is only for information. |

Die Bestuurkomitee wens elkeen 'n Geseënde Kersfees en Voorspoedige 2025 toe.

Ons vertrou dat ons in die komende jaar op u ondersteuning kan staatmaak .

The Management Committee wishes all a Merry Christmas and Prosperous 2025.

We trust that we may rely on your support in the New Year.

Hierdie verslag en alle notules van vergaderings is beskikbaar by https://oesterbaai.info

This report and minutes of all meetings are posted at https://oesterbaai.info

**Voorsitter/Chairperson**